



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 582 Cape Town, 10 December 2013 **No. 37144**
Kaapstad,

THE PRESIDENCY

No. 992 10 December 2013

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 22 of 2013: Banks Amendment Act, 2013

DIE PRESIDENSIE

No. 992 10 Desember 2013

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 22 van 2013: Wysigingswet op Banke, 2013



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 9 December 2013)

ACT

To amend the Banks Act, 1990, so as to define certain expressions and to amend certain definitions; to bring certain provisions in line with their practical application; to update references to legislation and institutions; to extend the use of the name bank to representative offices; to provide that a contravention of the Financial Intelligence Centre Act, 2001, is a cause for suspension or cancellation of registration as a bank; to align the Banks Act, 1990, with the Companies Act, 2008; and to comply further with the requirements of the Basel Committee of Banking Supervision; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 94 of 1990, as amended by Government Notice R.1765 of 30 July 1991, section 1 of Act 42 of 1992, sections 1 and 25 of Act 9 of 1993, section 1 of Act 26 of 1994, section 1 of Act 55 of 1996, section 1 of Act 36 of 2000, section 1 of Act 19 of 2003 and section 1 of Act 20 of 2007 5

1. Section 1 of the Banks Act, 1990 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the insertion in subsection (1) before the definition of “agency” of the following definitions: 10

“**‘additional tier 1 capital’** means—

- | | |
|--|---------------------|
| <p>(a) those shares that do not represent the most subordinated claim in liquidation but which shares are subordinated to depositors, general creditors and any relevant subordinated debt, and which shares—</p> <p>(i) do not constitute common equity tier 1 capital; and</p> <p>(ii) comply with such further criteria or conditions as may be prescribed;</p> <p>(b) such component of, percentage of or component and percentage of minority interest in specified issued instruments or shares, and arising from the consolidation of accounts and calculated in such a manner, as may be prescribed;</p> <p>(c) capital obtained through the issue of prescribed categories of preferred securities;</p> | <p>15</p> <p>20</p> |
|--|---------------------|

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hakies dui skrappings uit
bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande
verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 9 Desember 2013)

WET

Tot wysiging van die Bankwet, 1990, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf en bepaalde omskrywings te wysig; sekere bepalings met hul praktiese toepassing in ooreenstemming te bring; verwysings na wetgewing en instellings by te werk; die gebruik van die naam bank na verteenwoordigende kantore uit te brei; te bepaal dat 'n oortreding van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, 2001, gronde vir opskorting of intrekking van registrasie as 'n bank is; die Bankwet, 1990, met die Maatskappywet, 2008, in ooreenstemming te bring; en om verder te voldoen aan die vereistes van die Basel-komitee oor Banktoesighouding; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R.1765 van 30 Julie 1991, artikel 1 van Wet 42 van 1992, artikels 1 en 25 van Wet 9 van 1993, artikel 1 van Wet 26 van 1994, artikel 1 van Wet 55 van 1996, artikel 1 van Wet 36 van 2000, artikel 1 van Wet 19 van 2003 en artikel 1 van Wet 20 van 2007 5

1. Artikel 1 van die Bankwet, 1990 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur die volgende omskrywings in subartikel (1) voor die omskrywing van “afdeling” in te voeg: 10

“ ‘**addisionele eerste vlak kapitaal**’—

(a) daardie aandeel wat nie die mees ondergeskikte eis in likwidasie is nie, maar welke aandeel ondergeskik is aan deposante, algemene krediteure en enige toepaslike ondergeskikte skuld, en welke aandeel— 15

(i) nie gewone ekwiteit eerste vlak kapitaal daarstel nie; en
(ii) voldoen aan sodanige verdere kriteria of voorwaardes wat voorgeskryf mag word;

(b) sodanige komponent van, persentasie van of komponent en persentasie van minderheidsbelang in bepaalde uitgereikte instrumente of aandele, en voortspruitend uit die konsolidasie van rekeninge en op die voorgeskrewe wyse bereken; 20

(c) kapitaal verkry deur die uitreiking van voorgeskrewe kategorieë van voorkeureffekte; 25

- ‘additional tier 1 unimpaired reserve funds’** means—
- (a) share premium arising from the issue of instruments or shares constituting additional tier 1 capital;
 - (b) such component of, percentage of or component and percentage of accumulated other comprehensive income and other disclosed reserves arising from compliance with Financial Reporting Standards as may be prescribed;”;
- (b) by the insertion in subsection (1) after the definition of “banking group” of the following definition:
- “ **‘Basel Committee on Banking Supervision’** means a committee of the Bank for International Settlements, the secretariat of which consists of supervisors from central banks and other authorities of member countries and is located in Basel, Switzerland;”;
- (c) by the insertion in subsection (1) after the definition of “close relative” of the following definitions:
- “ **‘Commission’** means the Companies and Intellectual Property Commission established by section 185 of the Companies Act;
- ‘Commissioner’** means the Commissioner appointed in terms of section 189 of the Companies Act;
- ‘common equity tier 1 capital’** means—
- (a) those shares that represent the most subordinated claim in liquidation, and which shares—
 - (i) absorb the first and proportionately greatest share of any losses as the losses occur;
 - (ii) absorb losses proportionately and *pari passu* on a going concern basis; and
 - (iii) comply with such further criteria or conditions as may be prescribed;
 - (b) such component of, percentage of or component and percentage of minority interest in specified issued instruments or shares, and arising from the consolidation of accounts and calculated in such a manner, as may be prescribed, but does not include shares issued in pursuance of the capitalisation of reserves resulting from a revaluation of assets;
- ‘common equity tier 1 unimpaired reserve funds’** means—
- (a) share premium arising from the issue of instruments or shares constituting common equity tier 1 capital;
 - (b) retained earnings;
 - (c) such component of, percentage of or component and percentage of accumulated other comprehensive income and other disclosed reserves arising from compliance with Financial Reporting Standards, as may be prescribed;”;
- (d) by the substitution in subsection (1) for the definition of “Companies Act” of the following definition:
- “ **‘Companies Act’** means the Companies Act, [1973 (Act No. 61 of 1973)] 2008 (Act No. 71 of 2008);”;
- (e) by the insertion in subsection (1) after the definition of “consolidating supervisor” of the following definition:
- “ **‘control’**, with reference to the control of a company, includes the meaning as provided for in section 2(2) of the Companies Act;”;
- (f) by the substitution in subsection (1) for the definition of “co-operative” of the following definition:
- “ **‘co-operative’** means a co-operative incorporated in terms of the Co-operatives Act, [1981 (Act No. 91 of 1981), and includes a co-operative society or co-operative company deemed in terms of section 2 of that Act to be incorporated in terms of the said Act] 2005 (Act No. 14 of 2005);”;
- (g) by the substitution in subsection (1) for the definition of “director” of the following definition:
- “ **‘director’** has the meaning ascribed to that word in section 1 of the Companies Act, and includes an executive director and a non-executive director, unless expressly stated otherwise;”;

- ‘addisionele eerste vlak onaangetaste reserwefondse’—**
- (a) aandeelpremie na aanleiding van die uitreiking van instrumente of aandele wat addisionele eerste vlak kapitaal uitmaak;
 - (b) sodanige komponent van, persentasie van of komponent en persentasie van opgelope ander omvattende inkomste en ander bekendgemaakte reserwes voortspruitend uit nakoming van Finansiële Verslagdoeningstandaarde soos voorgeskryf mag word;
- (b) deur die volgende omskrywings in subartikel (1) na die omskrywing van “bankgroep” in te voeg:
- “‘Basel-komitee oor Banktoesighouding’ ’n komitee van die Bank vir Internasionale Skikkings, waarvan die sekretariaat uit toesighouers van sentrale banke en ander owerhede van lidlande bestaan en in Basel, Switserland geleë is;**
- ‘beheer’, met verwysing na die beheer van ’n maatskappy, ook die betekenis soos in artikel 2(2) van die Maatskappywet omskryf;”;**
- (c) deur in subartikel (1) paragraaf (b) van die omskrywing van “binnelandse aandeelhouer” deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(b) ’n maatskappy is wat[, *mutatis mutandis* soos bedoel in paragraaf (a), (b) of (c) van die omskrywing van ‘beherende maatskappy’ in artikel 1 van die Maatskappywet,] beheer word deur ’n persoon of persone wat in die Republiek woonagtig is of, in die geval van ’n regs persoon of regspersone, by of kragtens ’n wet van die Republiek opgerig, ingestel of ingelyf is;”;**
- (d) deur in subartikel (1) die omskrywing van “direkteur” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘direkteur’ dit wat in artikel 1 van die Maatskappywet aan daardie woord toegeskryf word, en ook ’n uitvoerende direkteur en ’n nie-uitvoerende direkteur, tensy uitdruklik anders bepaal word;”;**
- (e) deur in subartikel (1) die omskrywing van “filiaal” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘filiaal’ ’n filiaal soos [omskryf] voor voorsiening gemaak in [artikel 1(3)] artikel 3 van die Maatskappywet;”;**
- (f) deur in subartikel (1) die omskrywing van “finansiële state” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘finansiële state’ finansiële jaarstate bedoel in [artikels 286 en 288] artikel 30 van die Maatskappywet;”;**
- (g) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “gasheertoesighouer” in subartikel (1) in te voeg:
- “‘gewone ekwiteit eerste vlak kapitaal’—**
- (a) daardie aandele wat die mees ondergeskikte eis in likwidasië verteenwoordig, en welke aandele—
 - (i) die eerste en proporsioneel grootste deel van enige verliese absorbeer namate die verliese voorkom;
 - (ii) verliese proporsioneel en *pari passu* op ’n lopende ondernemingsbasis absorbeer; en
 - (iii) aan sodanige verdere kriteria of voorwaardes wat voorgeskryf mag word voldoen;
 - (b) sodanige komponent van, persentasie van of komponent en persentasie van minderheidsbelang in bepaalde uitgereikte instrumente of aandele, en voortspruitend uit die konsolidasie van rekeninge en bereken op ’n wyse wat voorgeskryf mag word, maar sluit nie ook aandele in nie wat uitgereik is ter uitvoering van die kapitalisering van reserwes na aanleiding van ’n herwaarderings van bates;
- ‘gewone ekwiteit eerste vlak onaangetaste reserwefondse’—**
- (a) aandeelpremie voortspruitend uit die uitreiking van instrumente of aandele wat gewone ekwiteit eerste vlak kapitaal daarstel;
 - (b) teruggehoue verdienste;
 - (c) sodanige komponent van, persentasie van of komponent en persentasie van opgelope ander omvattende inkomste en ander bekendgemaakte reserwes na aanleiding van nakoming van Finansiële Verslagdoeningstandaarde, soos voorgeskryf mag word;”;

- (h) by the substitution in subsection (1) for paragraph (b) of the definition of “domestic shareholder” of the following paragraph:
“(b) which is a company controlled[, *mutatis mutandis* as contemplated in paragraph (a), (b) or (c) of the definition of ‘controlling company’ in section 1 of the Companies Act,] by a person or persons who is or are resident in the Republic or, in the case of a juristic person or persons, was or were formed, established or incorporated by or under a law of the Republic;”;
- (i) by the substitution in subsection (1) for the definition of “financial statements” of the following definition:
“‘**financial statements**’ means annual financial statements referred to in [sections 286 and 288] section 30 of the Companies Act;”;
- (j) by the substitution in subsection (1) for the definition of “holding company” of the following definition:
“‘**holding company**’ [means a holding company as defined in section 1 (4)] has the meaning ascribed to that expression in section 1 of the Companies Act;”;
- (k) by the substitution in subsection (1) for the definition of “liquid assets” of the following definitions:
“‘**level one high-quality liquid assets**’ means—
(a) cash;
(b) gold coin and bullion;
(c) such percentage or amount of central bank reserves as may be determined by the Governor of the Reserve Bank from time to time;
(d) marketable securities representing claims on or claims guaranteed by sovereigns, central banks, non-central government public sector entities, the Bank for International Settlements, the International Monetary Fund, the European Commission or multilateral development banks that comply with such requirements or such conditions as may be prescribed;
‘**level two high-quality liquid assets**’ means—
(a) marketable securities representing claims on or claims guaranteed by sovereigns, central banks, non-central government public sector entities or multilateral development banks that comply with such requirements or such conditions as may be prescribed;
(b) such corporate bonds that comply with such requirements or such conditions as may be prescribed;”;
- (l) by the deletion of the definitions of “primary share capital” and “primary unimpaired reserve funds”;
- (m) by the insertion in subsection (1) after the definition of “public” of the following definition:
“‘**public company**’ has the meaning ascribed to that expression in section 1 of the Companies Act;”;
- (n) by the deletion in subsection (1) of the definition of “Registrar of Companies”;
- (o) by the substitution in subsection (1) for the definition of “Regulations relating to branches” of the following definition:
“‘**Regulations relating to branches**’ means the Regulations titled ‘Conditions for the conducting of the business of a bank by a foreign institution by means of a branch in the Republic’ published by Government Notice No. [R. 1414 of 28 December 2000] 30627 of 1 January 2008, and amended from time to time;”;
- (p) by the deletion in subsection (1) of the definitions of “secondary capital” and “secondary unimpaired reserve funds”;
- (q) by the substitution in subsection (1) for the definition of “subsidiary” of the following definition:
“‘**subsidiary**’ means a subsidiary [as defined] provided for in [section 1(3)] section 3 of the Companies Act;”;
- (r) by deletion in subsection (1) of the definition of “tertiary capital”;

- (h) deur in subartikel (1) die omskrywing van “houermaatskappy” deur die volgende omskrywing te vervang:
“**‘houermaatskappy’** [**’n houermaatskappy soos omskryf in artikel 1(4)**] dit wat in artikel 1 van die Maatskappywet daaraan toegeskryf word;”;
- (i) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “houermaatskappy” in subartikel (1) in te voeg:
“**‘Kommissie’** die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom by artikel 185 van die Maatskappywet gestig;
‘Kommissaris’ die Kommissaris ingevolge artikel 189 van die Maatskappywet, aangestel;”;
- (j) deur in subartikel (1) die omskrywing van “koöperasie” deur die volgende omskrywing te vervang:
“**‘koöperasie’** ’n koöperasie ingelyf ingevolge die [Koöperasiewet, 1981 (Wet No. 91 van 1981), en ook ’n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy wat ingevolge artikel 2 van daardie Wet geag word ingevolge genoemde Wet ingelyf te wees] **‘Co-operatives Act, 2005’** (Wet No. 14 van 2005);”;
- (k) deur in subartikel (1) die omskrywing van “Maatskappywet” deur die volgende omskrywing te vervang:
“**‘Maatskappywet’** die Maatskappywet, [1973 (Wet No. 61 van 1973)] 2008 (Wet No. 71 van 2008);”;
- (l) deur na die omskrywing van “ongewenste praktyk” die volgende omskrywing in subartikel (1) in te voeg:
“**‘openbare maatskappy’** dit wat in artikel 1 van die Maatskappywet daaraan toegeskryf word;”;
- (m) deur die omskrywings van “primêre aandeelkapitaal” en “primêre onaangetaste reserwefondse” te skrap;
- (n) deur in subartikel (1) die omskrywing van “Registrateur van Maatskappye” te skrap;
- (o) deur in subartikel (1) die omskrywing van “Regulasies aangaande takke” deur die volgende omskrywing te vervang:
“**‘Regulasies aangaande takke’** die Regulasies met die opskrif ‘Conditions for the conducting of the business of a bank by a foreign institution by means of a branch in the Republic’, soos gepubliseer by Goewernementskennisgewing No. [R.1414 van 28 Desember 2000] 30627 van 1 Januarie 2008, en soos van tyd tot tyd gewysig;”;
- (p) deur in subartikel (1) die omskrywings van “sekondêre kapitaal” en “sekondêre onaangetaste reserwefondse” te skrap;
- (q) deur in subartikel (1) die omskrywing van “tersiêre kapitaal” te skrap;
- (r) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “toegewysde kapitaal en reserwefondse” die volgende omskrywings in te voeg:
“**‘tweede vlak kapitaal’**—
- (a) daardie instrumente of aandele wat ondergeskik is aan deposante en algemene krediteure en welke instrumente of aandele—
- (i) nie gewone ekwiteit eerste vlak of addisionele eerste vlak kapitaal daarstel nie; en
- (ii) voldoen aan sodanige verdere voorwaardes wat voorgeskryf mag word;
- (b) ’n voorgeskrewe persentasie van kapitaal verkry deur die uitreiking, met die vooraf skriftelike goedkeuring van die Registrateur en ooreenkomstig die voorwaardes skriftelik deur die Registrateur goedgekeur, en sodanige verdere voorwaardes, indien enige, wat voorgeskryf mag word, van gewone aandele, voorkeuraandele of ander kapitaalinstrument uitgereik ter uitvoering van die kapitalisering van reserwefondse na aanleiding van ’n herwaardering van bates;
- (c) sodanige komponent van, persentasie van of komponent en persentasie van minderheidsbelang in bepaalde uitgereikte instrumente of aandele, en voortspruitend uit die konsolidering van rekeninge en bereken op sodanige wyse wat voorgeskryf mag word;

- (s) by the insertion in subsection (1) after the definition of “this Act” of the following definitions:

“**‘tier 2 capital’** means—

- (a) those instruments or shares that are subordinated to depositors and general creditors and which instruments or shares—
(i) do not constitute common equity tier 1 or additional tier 1 capital; and
(ii) comply with such further conditions as may be prescribed;
(b) a prescribed percentage of capital obtained through the issue, with the prior written approval of the Registrar and in accordance with conditions approved by the Registrar in writing, and such further conditions, if any, as may be prescribed, of ordinary shares, preference shares or other capital instrument issued in pursuance of the capitalisation of reserves resulting from a revaluation of assets;
(c) such component of, percentage of or component and percentage of minority interest in specified issued instruments or shares, and arising from the consolidation of accounts and calculated in such a manner as may be prescribed;
(d) capital obtained through the issue of instruments or shares constituting common equity tier 1 capital or additional tier 1 capital where the relevant proceeds of such instruments or shares, or any portion thereof, are excluded from qualifying common equity tier 1 capital or additional tier 1 capital as a result of a prescribed limit;

‘tier 2 unimpaired reserve funds’ means—

- (a) any premium arising from the issue of instruments or shares that constitute tier 2 capital;
(b) a prescribed percentage of general provision, general loan loss reserve or other reserve held against unidentified and unforeseen losses that comply with such conditions as may be prescribed;”;
and

- (t) by the substitution in subsection (1A)(b) for subparagraph (iii) of the following paragraph:

“(iii) was a director, who has been indicated, as contemplated in section 421(2) of the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973), as the effective cause of a particular company having been unable to pay its debts;”.

Amendment of section 2 of Act 94 of 1990, as amended by section 2 of Act 26 of 1994 and section 90 of Act 40 of 2007

2. Section 2 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph (b) for subparagraph (v) of the following subparagraph:

“(v) [the Public Investment Commissioners referred to in section 2 of the Public Investment Commissioners Act, 1984 (Act No. 45 of 1984)] the Public Investment Corporation Limited established by section 2 of the Public Investment Corporation Act, 2004 (Act No. 23 of 2004);”.

Amendment of section 5 of Act 94 of 1990, as amended by section 2 of Act 19 of 2003

3. Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) delegate to any officer or employee of the Reserve Bank or another financial sector regulator any power conferred upon the Registrar by or under this Act; or”.

- (d) kapitaal verkry deur die uitreiking van instrumente of aandele wat gewone ekwiteit eerste vlak kapitaal of addisionele eerste vlak kapitaal daarstel waar die betrokke opbrengs van sodanige instrumente of aandele, of enige gedeelte daarvan, uitgesluit is van kwalifiserende gewone ekwiteit eerste vlak kapitaal of addisionele eerste vlak kapitaal as gevolg van 'n voorgeskrewe limiet; 5
- ‘tweede vlak onaangetaste reserwefondse’—**
- (a) enige premie voortspruitend uit die uitreiking van instrumente of aandele wat tweede vlak kapitaal daarstel; 10
- (b) 'n voorgeskrewe persentasie van algemene voorsiening, algemene lenigingsverliesreserwe of ander reserwe gehou teen ongeïdentifiseerde en onvoorsiene verliese wat voldoen aan sodanige voorwaardes wat voorgeskryf mag word;” en
- (s) deur in subartikel (1) die volgende omskrywings na die omskrywing van “uitvoerende beampte” in te voeg : 15
- “ ‘vlak een hoë-gehalte likwiede bates’—**
- (a) kontant; 20
- (b) goudmunt en staafgoud; 25
- (c) sodanige persentasie of bedrag van sentralebankreserwes wat van tyd tot tyd deur die President van die Reserwebank bepaal kan word; 30
- (d) bemarkbare effekte verteenwoordigend van eise op of eise gewaarborg deur onafhanklike state, sentrale banke, nie-sentrale regering openbaresektorenteite, die Bank vir Internasionale Skikkings, die Internasionale Monetêre Fonds, die Europese Kommissie of multilaterale ontwikkelingsbanke wat voldoen aan sodanige vereistes of sodanige voorwaardes wat voorgeskryf mag word; 35
- ‘vlak twee hoë-gehalte likwiede bates’—**
- (a) bemarkbare effekte verteenwoordigend van eise op of eise gewaarborg deur onafhanklike state, sentrale banke, nie-sentrale regering openbaresektorenteite of multilaterale ontwikkelingsbanke wat voldoen aan sodanige vereistes of sodanige voorwaardes wat voorgeskryf mag word; 40
- (b) sodanige korporatiewe effekte wat voldoen aan sodanige vereistes of sodanige voorwaardes wat voorgeskryf mag word;” en
- (t) deur subparagraaf (iii) in subartikel (1A)(b) deur die volgende subparagraaf te vervang: 45
- “(iii) 'n direkteur was wat, soos beoog in artikel 421(2) van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), aangedui is as die deurslaggewende oorsaak dat 'n bepaalde maatskappy nie in staat was om sy skulde te betaal nie;”.

Wysiging van artikel 2 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 26 van 1994 en artikel 90 van Wet 40 van 2007

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subparagraaf (v) in paragraaf (b) deur die volgende subparagraaf te vervang: 45
- “(v) [die Openbare Beleggingskommissaris se bedoel in artikel 2 van die Wet op die Openbare Beleggingskommissaris se, 1984 (Wet No. 45 van 1984)] die ‘Public Investment Corporation Limited’ gestig by artikel 2 van die Wet op die Openbare Beleggingskorporasie, 2004 (Wet No. 23 van 2004);”.

Wysiging van artikel 5 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 19 van 2003

3. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 55
- “(a) aan 'n direkteur of werknemer van die Reserwebank of 'n ander reguleerder van die finansiële sektor 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan die Registrateur verleen, deleger; of”.

Amendment of section 6 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993, section 3 of Act 26 of 1994, section 3 of Act 19 of 2003 and section 3 of Act 20 of 2007

4. Section 6 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsections (4) and (5) of the following subsections, respectively: 5

“(4) The Registrar may from time to time by means of a circular furnish banks, controlling companies, representative offices, eligible institutions or auditors of banks or controlling companies with guidelines regarding the application and interpretation of the provisions of this Act. 10

(5) The Registrar may from time to time by means of a guidance note furnish banks, controlling companies, representative offices, eligible institutions and auditors of banks or controlling companies with information in respect of market practices or market or industry developments within or outside the Republic.”; 15

- (b) by the substitution in subsection (6) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) The Registrar may from time to time, in writing, after consultation with the relevant bank, controlling company, representative office, eligible institution or auditor of a bank or controlling company, issue a directive to such a bank, controlling company, representative office, eligible institution or auditor of a bank or controlling company, either individually or collectively, regarding the application of the Act;” 20

- (c) by the substitution in subsection (6)(b) for the words preceding subparagraph (i) of the following words: 25

“The directive contemplated in paragraph (a) may include the issuing of a non-financial sanction or a directive requiring a bank, a controlling company, a representative office, an eligible institution or an auditor of a bank or controlling company, either individually or collectively, within the period specified in the directive, to—” 30

- (d) by the substitution in subsection (6) for paragraph (c) of the following paragraph:

“(c) The Registrar may after consultation with the relevant bank, controlling company, representative office, eligible institution or auditor of a bank or controlling company, subject to the directive, cancel in writing a previously issued directive;” and 35

- (e) by the substitution in subsection (6) for paragraph (e) of the following paragraph:

“(e) Any bank, controlling company, representative office, eligible institution or auditor of a bank or controlling company that neglects, refuses or fails to comply with a directive issued under this subsection shall be guilty of an offence.”. 40

Amendment of section 10 of Act 94 of 1990, as amended by section 7 of Act 19 of 2003

5. Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) the following subsection: 45

“(2) The Minister shall [lay] table a copy of the report referred to in subsection (1) [upon the Tables] in Parliament within 14 days after receipt of [such] the report, if Parliament is then in ordinary session, or, if Parliament is not then in ordinary session, within 14 days after the commencement of [its] the next [ensuing] ordinary session.”. 50

Amendment of section 13 of Act 94 of 1990, as amended by sections 6 and 25 of Act 9 of 1993 and section 9 of Act 19 of 2003

6. Section 13 of the principal Act is hereby amended by the deletion in subsection (2) of the word “and” at the end of paragraph (g), the insertion of the word “and” at the end of paragraph (h) and the addition of the following paragraph: 55

“(i) in the case of a foreign institution being the applicant, that the responsible consolidating supervisor of the foreign institution—

Wysiging van artikel 6 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993, artikel 3 van Wet 26 van 1994, artikel 3 van Wet 19 van 2003 en artikel 3 van Wet 20 van 2007

4. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur subartikels (4) en (5) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang: 5

“(4) Die Registrateur kan van tyd tot tyd deur middel van ’n omsendbrief aan banke, beherende maatskappye, verteenwoordigende kantore, kwalifiserende instellings **[en]** of ouditeurs van banke of beherende maatskappye riglyne verstrek met betrekking tot die toepassing en vertolking van die bepalings van hierdie Wet. 10

(5) Die Registrateur kan van tyd tot tyd deur middel van ’n riglynnota aan banke, beherende maatskappye, verteenwoordigende kantore, kwalifiserende instellings en ouditeure van banke of beherende maatskappye inligting verstrek met betrekking tot markpraktieke of mark- of industrie-ontwikkelings binne of buite die Republiek.”; 15

- (b) deur paragraaf (a) in subartikel (6) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) Die Registrateur kan van tyd tot tyd skriftelik na oorleg met die betrokke bank, beherende maatskappye, verteenwoordigende kantoor, kwalifiserende instelling of ouditeur van ’n bank of beherende maatskappye ’n lasgewing uitreik aan sodanige bank, beherende maatskappye, verteenwoordigende kantoor, kwalifiserende instelling of ouditeur van ’n bank of beherende maatskappye, hetsy individueel of gesamentlik, aangaande die toepassing van hierdie Wet.”; 20

- (c) deur in subartikel (6)(b) die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: 25

“Die lasgewing in paragraaf (a) beoog, kan insluit die uitreiking van ’n nie-finansiële straf of ’n lasgewing wat van ’n bank, beherende maatskappye, verteenwoordigende kantoor, kwalifiserende instelling of ouditeur van ’n bank of beherende maatskappye, hetsy individueel of gesamentlik, vereis om binne die tydperk in sodanige lasgewing vermeld—”; 30

- (d) deur paragraaf (c) in subartikel (6) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) Die Registrateur kan, na oorleg met die betrokke bank, beherende maatskappye, verteenwoordigende kantoor, kwalifiserende instelling of ouditeur van ’n bank of beherende maatskappye, behoudens die lasgewing, ’n voorheen uitgereikte lasgewing skriftelik kanselleer.”; en 35

- (e) deur paragraaf (e) in subartikel (6) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(e) ’n Bank, beherende maatskappye, verteenwoordigende kantoor, kwalifiserende instelling of ouditeur van ’n bank of beherende maatskappye wat nalaat, weier of versuim om te voldoen aan ’n lasgewing wat ingevolge hierdie subartikel uitgereik is, is skuldig aan ’n misdryf.”. 40

Wysiging van artikel 10 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 19 van 2003

5. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 45

“(2) Die Minister moet ’n afskrif van die verslag bedoel in subartikel (1) in die Parlement ter Tafel lê binne 14 dae na ontvangs van dié verslag, indien die Parlement dan in gewone sessie byeen is, of, indien die Parlement nie dan in gewone sessie byeen is nie, binne 14 dae na die aanvang van **[sy eersvolgende]** die daaropvolgende gewone sessie.”. 50

Wysiging van artikel 13 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikels 6 en 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 9 van Wet 19 van 2003

6. Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord “en” aan die einde van paragraaf (g) in subartikel (2) te skrap, die woord “en” aan die einde van paragraaf (h) in te voeg en die volgende paragraaf by te voeg: 55

“(i) indien ’n buitelandse instelling die applikant is, dat die verantwoordelike konsoliderende toesighouer van die buitelandse instelling—”

- (i) has duly authorised the proposed establishment, by the foreign institution, of a bank in the Republic;
- (ii) accepts and complies with the proposals, guidelines and pronouncements of the Basel Committee on Banking Supervision;
- (iii) is not legally impeded from complying with the provisions of subparagraph (ii);
- (iv) accepts its responsibilities as a consolidating supervisor;
- (v) as far as may be reasonably possible, ensures that the members of the board and the executive management of the foreign institution at all times consist of fit and proper persons;
- (vi) is satisfied with the standard of risk management maintained by the foreign institution; and
- (vii) keeps the Registrar informed of any material information regarding the financial soundness of the foreign institution and its bank in the Republic.”.

Amendment of section 15 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993, section 7 of Act 26 of 1994 and section 11 of Act 19 of 2003

7. Section 15 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) Notwithstanding anything to the contrary contained in the Companies Act, the [Registrar of Companies] Commissioner shall not register in terms of that Act the memorandum of [association and articles of association] incorporation of a public company formed for the purpose of conducting the business of a bank, unless the application for such registration is accompanied by the approval referred to in subsection (1).”.

Amendment of section 16 of Act 94 of 1990, as substituted by section 8 of Act 26 of 1994 and amended by section 12 of Act 19 of 2003

8. Section 16 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (2)(b) for subparagraph (i) of the following subparagraph:

“(i) two copies each of the institution’s memorandum of [association and articles of association] incorporation;”.

Amendment of section 17 of Act 94 of 1990, as substituted by section 9 of Act 26 of 1994 and amended by section 13 of Act 19 of 2003

9. Section 17 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (c) of the following paragraph:

“(c) that the memorandum of [association and articles of association] incorporation of the institution [are] is consistent with this Act and [are] is not undesirable for any reason.”.

Amendment of section 18 of Act 94 of 1990, as substituted by section 10 of Act 26 of 1994 and amended by section 14 of Act 19 of 2003

10. Section 18 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) In addition to any other condition which the Registrar may impose under subsection (1), he or she may impose a condition requiring the institution concerned to take within a specified period such steps in terms of the Companies Act as may be necessary to alter its memorandum of [association and articles of association] incorporation in accordance with the requirements of the Registrar.”.

Amendment of section 22 of Act 94 of 1990, as amended by sections 7 and 25 of Act 9 of 1993, section 15 of Act 26 of 1994, section 5 of Act 36 of 2000 and section 17 of Act 19 of 2003

11. Section 22 of the principal Act is hereby amended by the deletion in subsection (1) of the word “or” at the end of paragraph (a), the insertion of the word “or” at the end of paragraph (b) and the addition of the following paragraph:

- (i) die voorgestelde stigting van 'n bank in die Republiek deur die buitelandse instelling, na behore gemagtig het;
- (ii) die voorstelle, riglyne en uitsprake van die Basel-komitee oor Banktoesighouding aanvaar;
- (iii) nie regtens daarvan verhinder word om aan die bepalings van subparagraaf (ii) te voldoen nie;
- (iv) sy verantwoordelikhede as 'n konsoliderende toesighouer aanvaar;
- (v) so ver dit redelik moontlik mag wees, toesien dat die lede van die raad en die uitvoerende bestuur van die buitelandse instelling te alle tye uit geskikte en gepaste persone bestaan;
- (vi) tevrede is met die standaard van risiko-bestuur wat die buitelandse instelling handhaaf; en
- (vii) die Registrateur op hoogte hou van enige wesenlike inligting betreffende die finansiële gesondheid van die buitelandse instelling en sy bank in die Republiek.”.

Wysiging van artikel 15 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993, artikel 7 van Wet 26 van 1994 en artikel 11 van Wet 19 van 2003

7. Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Ondanks andersluidende bepalings van die Maatskappywet registreer die [Registrateur van Maatskappye] Kommissaris nie ingevolge daardie Wet die akte van oprigting [en statute] van 'n publieke maatskappy nie wat opgerig is vir die doel om die bedryf van 'n bank uit te oefen, tensy die aansoek om sodanige registrasie vergesel gaan van die goedkeuring bedoel in subartikel (1).”.

Wysiging van artikel 16 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 8 van Wet 26 van 1994 en gewysig deur artikel 12 van Wet 19 van 2003

8. Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subparagraaf (i) in subartikel (2)(b) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(i) twee afskrifte van elk van die instelling se akte van oprigting [en statute];”.

Wysiging van artikel 17 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 9 van Wet 26 van 1994 en gewysig deur artikel 13 van Wet 19 van 2003

9. Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (c) in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) dat die akte van oprigting [en statute] van die instelling met hierdie Wet versoenbaar is en nie om enige rede ongewens is nie.”.

Wysiging van artikel 18 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 10 van Wet 26 van 1994 en gewysig deur artikel 14 van Wet 19 van 2003

10. Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Benewens enige ander voorwaarde wat die Registrateur kragtens subartikel (1) kan oplê, kan hy of sy 'n voorwaarde oplê wat die betrokke instelling verplig om binne 'n bepaalde tydperk die nodige stappe ingevolge die Maatskappywet te doen om sy akte van oprigting [of statute] ooreenkomstig die voorskrifte van die Registrateur te wysig.”.

Wysiging van artikel 22 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikels 7 en 25 van Wet 9 van 1993, artikel 15 van Wet 26 van 1994, artikel 5 van Wet 36 van 2000 en artikel 17 van Wet 19 van 2003

11. Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woord “of” aan die einde van paragraaf (a) te skrap, die woord “of” aan die einde van paragraaf (b) in te voeg en die volgende paragraaf by te voeg:

“(c) in the case of such foreign institution, in respect of the representative office use, or refer to the representative office by, a name other than the name under which the representative office was so registered.”.

Amendment of section 23 of Act 94 of 1990, as substituted by section 16 of Act 26 of 1994

5

12. Section 23 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The Registrar may subject to the provisions of section 24, in the case of a bank registered as such, with the consent of the Governor and after consultation with the Minister and by notice in writing to the institution concerned cancel, or suspend on such conditions as the Registrar may deem fit, such registration if the institution has not conducted any business as a bank during the period of six months commencing on the date on which the institution was registered as a bank.”;

10
15

(b) by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“The Registrar may, subject to the provisions of section 24, in the case of a bank registered as such, **[with the consent of]** after consultation with the Minister and by notice in writing to the institution concerned cancel, or suspend on such conditions as the Registrar may deem fit, such registration if—”; and

20

(c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) The Registrar may, subject to the provisions of section 24, in the case of a bank registered as such, **[with the consent of]** after consultation with the Minister and by notice in writing to the institution concerned cancel such registration if the institution has ceased to conduct the business of a bank or is no longer in operation.”.

25

Amendment of section 24 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993, section 17 of Act 26 of 1994 and section 18 of Act 19 of 2003

30

13. Section 24 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The Registrar **[shall, before cancelling or suspending under section 23 the registration of a bank, in a written notice addressed to the chairperson or chief executive officer of the institution concerned]** may by written notice to the chairperson or chief executive officer of the institution concerned suspend the registration of a bank under section 23 with immediate effect, provided that the Registrar must—

35

(a) inform the institution of his or her intention to cancel **[or suspend, as the case may be,]** such registration;

40

(b) furnish the institution with the reasons for the intended cancellation **[or suspension]**; and

(c) call upon the institution to show cause within a period specified in the notice, which shall not be less than 30 days as from the date of the notice, why its registration should not be so cancelled **[or suspended]**.”; and

45

(b) by the substitution in subsection (2) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) proceed with the cancellation **[or suspension]**, in terms of section 23, of the registration; or”.

50

“(c) in die geval van sodanige buitelandse instelling, ’n naam behalwe die naam waaronder die verteenwoordigende kantoor sodanig geregistreer was, ten opsigte van die verteenwoordigende kantoor gebruik of aldus na die verteenwoordigende kantoor verwys.”.

Wysiging van artikel 23 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 16 van Wet 26 van 1994 5

12. Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die Registrateur kan, behoudens die bepalinge van artikel 24, in die geval van ’n bank wat as sodanig geregistreer is, met die instemming van die President en na oorleg met die Minister en by skriftelike kennisgewing aan die betrokke instelling sodanige registrasie intrek of onderworpe aan die voorwaardes wat die Registrateur goedvind, opskort indien die instelling nie gedurende die tydperk van ses maande vanaf die datum waarop die instelling as ’n bank geregistreer is, enige sake as ’n bank gedoen het nie.”;

(b) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Die Registrateur kan, behoudens die bepalinge van artikel 24, in die geval van ’n bank wat as sodanig geregistreer is, **[met die instemming van] na oorleg met** die Minister en by skriftelike kennisgewing aan die betrokke instelling sodanige registrasie intrek of, onderworpe aan die voorwaardes wat die Registrateur goedvind, opskort indien—”; en

(c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

